NOTAS

Nederduitse Gereformeerde Kerk Ceresvallei

Pastorie: Vosstraat 61, Ceres 6835 Tel: 023 312 1437
Kantoor: H/V Porter en Vosstraat, Posbus 67, Ceres 6835 (T) 023 312 1602
(F) 086 604 4260, (E-pos) ngkceresval@telkomsa.net
Skriba: Marizelle Louw 073 144 2445
Koster: Cobus Rossouw 082 977 8369
LET WEL: Die Bulletin is ook beskikbaar op die webwerf by www.ngkceresvallei.co.za.
BANKBESONDERHEDE: ABSA Ceres, Tjekrekening nr 350580026

Bulletin 29 Julie 2018

Welkom by vandag se erediens

VANDAG

Teks: Rom 10: 14-15
Tema: Gate in die kerk se emmer.
Sinodale Offer: Gemeentebediening

There is a hole in the bucket, dear Liza, dear Liza....a hole.
'n Gat in die emmer laat die water uitloop. Vol maak lei dan nie tot vol word/bly nie. Die probleem, die gat, moet ontdek en heelgemaak word anders verloor ons meer as net die water - ons verloor moed. As ons nadink oor dalende gemeentegetalle moet ons probeer ontdek waar die gate in ons gemeentewees is. Aan dié soektog moet almal deelneem - oud en jonk, - nie net om die gate te ontdek nie, maar ook om dit te herstel. God se plan om die geloofsgemeenskap uit te brei, word in Rom 10: 14-15 uitgespel. God stuur **mense** wat in Hom glo met **goeie nuus** na **die wat nog nie glo nie**, sodat wanneer hulle dié goeie nuus hoor, hulle ook kinders van God kan word. So raak God se kinders meer en meer. As God se kinders nie meer word nie, moet ons vra, waar lek die emmer. Ons moet oral kyk. Is die lekplek: By God? By die persoon wat gestuur word? By die boodskap? By die persoon wat nog nie glo nie? Ons ontdek dat daar 'n lekkasie kan wees by een of meer van drie plekke: die **gestuurde**, die **boodskap** of by die **ontvanger**.

Lees die volgende teksverse en vind die "gate" by elkeen.
1. Gestuurde: Jona 1:1-3; Efes 4:1; Matt 5: 13-14; 2 Kor. 11:4, 13-15, Fil. 1:15-19
2. Boodskap: 2 Kor. 3:14-15, Hebr. 5: 13b-14; 2 Kor. 11:4....
3. Ontvanger/hoorder: Matt 13: 18-22; Hebr. 5: 18-22; Rom 10: 16, 21....

- Wat sal gebeur as ons as **gestuurdes** die woorde van Rom 10:1 ons eie maak:...."*my **hartewens** en my **gebed** vir my volk is dat hulle gered word.*
- Wat sal gebeur as ons **boodskap** soos Paulus enkelvoudig is: "*Ek het my voorgeneem om met julle oor niks ander te praat nie as oor **Jesus as die Christus** en wel oor Hom **as die gekruisigde"*** (1 Kor. 2:2)
- Wat sal gebeur as ons **ander mense** soos Paulus inspireer: "*ek spoor julle aan: Volg my voorbeeld"* (1 Kor. 4:16) en "*ek het my aan almal diensbaar gestel om soveel mense as moontlik vir Christus te wen. Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen..... vir die sonde-die wet het ek geword soos een sonder die wet....vir die swakkes het ek swak geword....vir almal het alles geword om in elk geval sommige te red...*(1 Kor. 9:19-22).

Ons is òf deel van die probleem (=lek) òf deel van die oplossing. Mag ons hemelse Vader ons breekbare kruike vul met Sy lewe gewende water sodat die wat dors na Hom uit ons lewenskruike hul dors kan les. Mag ons as gemeente dan ervaar waarvan Lukas getuig: " *...en die Here het elke dag mense wat gered word by die gemeente gevoeg"* (Hand 22: 47)

Welkom by die Nagmaal. Christus het dit as **sakrament** ingestel en aan ons gegee om ons geloof te versterk.

65. **Vraag:** Terwyl ons slegs deur die geloof deel aan Christus en al sy weldade kry, waar kom so 'n geloof dan vandaan?

Antwoord: Die Heilige Gees werk dit in ons harte (a) deur die verkondiging van die heilige evangelie en versterk dit deur die gebruik van die heilige sakramente (b).

(a) Ef 2:8; 6:23; Joh 3:5, Fil 1:29. (b) Matt 28:19; 1 Pet 1: 22,23.

66. **Vraag:** **WAT IS SAKREMENTE?**

Antwoord: Dit is **sigbare, heilige tekens en seëls** wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God ons vanweë die enige offer van Christus, wat aan die kruis volgebring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk (a).

(a) Gen 17:11; Rom 4:11; Deut 30:6; Lev 6:25; Heb 9: 7,8,9,24; Eseg 20:12; Jes 6: 6,7; 54:9.

67. **Vraag:** Is die Woord en die sakramente albei daarvoor bestem om ons geloof op die offer van Christus aan die kruis as die enigste grond van ons saligheid te wys?

Antwoord: Ja seker, want die Heilige Gees leer ons in die evangelie en verseker ons deur die sakramente dat ons volle saligheid op die enige offer van Christus rus wat aan die kruis vir ons gebring is (a) Rom 6:3; Gal 3:27

68. **Vraag:** Hoeveel sakramente het Christus in die Nuwe Verbond of Testament ingestel?

Antwoord: Twee, naamlik die heilige doop en die heilige nagmaal.

VOORBIDDING

- Siekes: Almal wat fisies en emosioneel ly
- Beterskap: Christa Sauer na operasie.
- Gesinne wat kies om die Here te dien.
- Die werkplek vir billike arbeidspraktyke, produktiwiteit en harmonie
- Veiligheidsmagte dat wet en orde gehandhaaf sal word
- Die regering vir wysheid, diensbaarheid en verantwoordbaarheid.

BAIE BELANGRIKE KENNISGEWING

Die nagmaal van Sondag, 21 Oktober skuif na die 16de September saam met Belydenisaflegging.

BEESVLEISKERRIE EN RYS: VRYDAG, 3 AUGUSTUS

Ons verkoop weer Kerrie en Rys op Vrydag, 3 Augustus en wel vanaf **12:00 - 14:00.** Bestellings kan geplaas word by die kerkkantoor (023 312 1602) en by 082 558 3871. R30 per bakkie. Baie dankie vir u ondersteuning

JAM:

DIE PAD VORENTOE

Tans gaan dit nie goed met JAM nie. Die kinders woon om verskeie redes nie soos in die verlede die byeenkomste by nie. Die leiers is om verstaanbare rede hande in die hare en weet na verskeie pogings nie hoe om die situasie om te draai nie. Ongeveer 5/6 jaar gelede het ons met dieselfde verskynsel te kampe gehad. En toe is die proses omgekeer toe ouers en kinders saam met die kerkraad koppe bymekaar gesit en hande gevat het. Ons kan dit weer doen.

VERSOEK:

Alle ouers, kinders en lidmate wat 'n passie vir ons jongmense het, word uitgenooi na 'n oopgesprek op Sondag, 5 Augustus na die oggenddiens. Julle is welkom om wenke per WhatsApp, Epos/Brief (ook anoniem) aan ons deur te gee (frankie@isales.co.za/0711712271).

Dankie dat ons op jou kan staatmaak.

Lekker verjaar

Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Brink	Melanie	07/29	023 316 1974	27829215057
Immelman	Dalena	07/29	023 312 2672	27723089827
Hagen	Vera Jane	07/30		27721902919
Engelbrecht	Annique	08/01		
Van Der Merwe	Isak	08/01	023 312 2002	
Claassen	Lianne	08/02		27826937633
Fernhout	Jeanette	08/02	023 312 1823	27826422323
Geldenhuys	Johan	08/02	023 316 1397	27824487106
Jordaan	Franco	08/02	0233123501	27845813253
Lombaard	Elsa	08/02	023 316 1651	27724429522
Ontong	Imilda	08/02	0233123179	27761769500
Malherbe	Almaré	08/04	0233168486	27834061193
Oosthuizen	Franco	08/04	0233162892	
Swatton	William	08/04	023 312 1388	27828047528